

Die Olimpiese Spele van 1936 word vir altesbehalwe die atletiek onthou.

'n Kort Oostenrykse ekskorporaal het drie jaar tevore die Duitse kanselier geword. Op die Berlynse Spele was Jorde dus skaars en propaganda volop. 'n Swart Amerikaanse naelloper met die naam Jesse Owens het die mite van die meerderwaardige Ariese ras met vier goues stukkend gespring en gehardloop.

Maar daar is 'n ander, baie minder bekende brokkie atletiekgeskiedenis verbonde aan dié Spele: die deelname van Dora Ratjen, die nou amper vergete Duitse atleet wat vierde in die hoogspring was. Drie jaar ná die Spele is onthul dat Ratjen, 'n donkerkop met growwe gelaatstrekke, eintlik 'n hy was nadat 'n agterdochtige treinkondukteur by die polisie gekla het dat daar 'n man wat soos 'n vrou aantrek is op die trein was. (Dora, wie se geslag op haar geboortsertifikaat as vroulik aangeteken is, het daarna Heinrich geword. Hy is in 2008 oorlede. Vandag verwyrs die medici na so iemand as "hermafrodietsoortig", iemand wie se geslagsorgane, geslagshormone of chromosome eienskappe van albei geslagte toon).

Die Ratjen-geval - tesame met soortgelyke vrese wat reeds vroeër deur Avery Brundage, president van die Amerikaanse Olimpiese komitee, uitgespreek is - het uiteindelik gelei tot 'n reël, wat in 1966 deur die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (die IAAF) ingestel is, dat vroue aan geslagsidentifikasietoetse onderwerp moet word.

Destyds was hierdie toetse taamlik kru: Vroue moes naak vir 'n verpligte toets voor 'n paneel dokters paradeer. Geslagsidentifikasie (deur 'n fisieke mediese ondersoek en later deur chromosoomtoetse) is in 1992 gestaak.



Draai die horlosie 26 jaar aan en die IAAF is weer daar.

Pas het die wêreldliggaam aangekondig dat vroue-atlete met 'n uitsonderlike hoë vlak van die manlike hormoon, testosteroon, nie toegelaat gaan word om aan die 400 m, 400 m-hekkies, 800 m, 1 500 m en die myl deel te neem nie.

Vanaf 1 November vanjaar sal alle vroue-atlete wat aan dié nommers deelneem en 'n te hoë testosteroonvlak het, medikasie moet gebruik om die vlak kunstmatig te verlaag.

Binne ure het sportskrywers wêreldwyd na dié bepaling as die "Caster-klausule" begin verwyrs - en dit is nie moeilik om te sien waarom nie.

Die IAAF sê dié stap is gedoen nadat 'n twee jaar lange studie getoon het dat vroue-atlete met 'n hoë testosteroonvlak 'n voordeel het in die 400 m, 400 m-hekkies, 800 m, die myl, asook in hamergooi en paalspring.

Die nuwe reël oor hoë testosteroonvlakke is egter nie van toepassing op deelnemers aan die hamergooi en paalspring nie, nog meer omstredende, het hulle die 1 500 m by hul lysie gevoeg - terwyl hul studie geen melding van dié nommer maak nie.

Die enigste atleet wat dus deur dié nuwe bepaling geraak word, is die Suid-Afrikaner Caster Semenya, wat verlede maand goud in die 800 m en 1 500 m op die Statebondspele gewen het.



Volgens die nuwe regulasies mag vroue se testosteroonvlak nie op of hoër as 5 nanomol/liter wees nie. ('n Mol is 'n maat wat uiters klein hoeveelhede deur middel van die



Jarmila Kratochvílová se wêreldrekord in die 800 m staan al vir 35 jaar.

aantal molekules eerder as volume meet).

'n Vlak van 5 nanomol/liter is dieselfde vlak wat geld vir transgender-atlete (mense wat 'n geslagsverandering ondergaan het) wat as vroue aan atletiek wil deelneem.

Hoewel Semenya se testosteroonvlak nie bekend is nie, weet ons sy was een van vyf vroue-atlete wie se testosteroonvlak tydens die Wêreldkampioenskap van 2011 gemeet is as tussen 15,6 en 29,3 nanomol/liter. Dié lesings is geweldig hoog. Sowat 99% van alle vroue se testosteroonvlak is laer as 3,08 nanomol/liter. Dit is selfs hoër as dié van baie mans, wie se testosteroonvlak gewoonlik wissel tussen 8,7 en 29,5 nanomol/liter.

Sebastian Coe, president van die IAAF, sê die nuwe regulasies is nie bedoel "as veroordeling of bevraagtekening van die geslag of identiteit van enige atleet" nie.

Tog is dit presies wat dit doen: Dit trek die skeidslyn tussen mans en vroue baie duideliker as enige van die IAAF se vorige pogings om die verskil tussen geslagte te bepaal.

En meer nog: Mans met soortgelyke "abnormaliteite" - selfs dié met 'n ongewone hoë testosteroonvlak - word toegelaat om ongestoord deel te neem.

Die swemmer Michael Phelps, die suksesvolste Olimpiese deelnemer tot nog toe met 28 medaljes, se "vlerkspan" - die afstand van vingerpunt tot vingerpunt as hy met sy arms uitgestrek staan - is 7 cm langer as sy eie lengte. Phelps is 1,93 m lank.

Usain Bolt is 1,95 m lank, langer as enigeen van sy mededingers, en gee 41 treë in 'n tipiese 100 m-wedloop. Baie van sy teenstanders sukkel om 'n soortgelyke afstand in 50 treë te voltooi.

(H)ou be

Die debat oor Caster Semenya se testosteroon van daardie rekord wat verseg om te val?)

Top-20 vroue in die 800 m Hoer 800 m

Jarmila Kratochvílová	1983		Tsjeggo-Slowakye
Nadezhda Olizarenko	1980		Oekraïne
Pamela Jelimo	2008		Kenia
Ana Fidella Quirot	1989		Kuba
Jarmila Kratochvílová	1983		Tsjeggo-Slowakye
Olga Mineyeva	1980		Sowjetunie
Ana Fidella Quirot	1997		Kuba
Nadezhda Olizarenko	1980		Oekraïne
Pamela Jelimo	2008		Kenia
Tatyana Kazankina	1976		Sowjetunie
Pamela Jelimo	2008		Kenia
Pamela Jelimo	2008		Kenia
Jarmila Kratochvílová	1983		Tsjeggo-Slowakye
Doina Melinte	1982		Roenië
Olga Mineyeva	1980		Sowjetunie
Pamela Jelimo	2008		Kenia
Caster Semenya	2017		Suid-Afrika
Maria Mutola	1994		Mosambiek
Jolanda Ceplak	2002		Slowenië
Sigrun Wodars	1987		Oos-Duitsland
Willi Wülbeck	1983		Wes-Duitsland
David Rudisha	2012		Kenia

Bron: alltime-athletics.com

As die wêreld se beses nie "abnormaal" was nie en al die "abnormales" verhoed word om deel te neem, dan was die Olimpiese Spele elke keer drie maande langer, omdat soveel meer van ons op die rusbanke daarvoor sou kon kwalifiseer.

Dit was juis die argument van prof. Steve Cornelius van Tukkie se regs fakulteit in sy brief aan Coe toe hy uit die IAAF se dissiplinêre tribunaal bedank het uit protes teen die nuwe regulasie.

"Dis net so relevant soos of 'n hoogspringer wat oor die 2 m lank is 'n onregverdige voordeel het oor die gemiddelde atleet," het Cornelius luidens berigte gesê.

"Vir my is hierdie 'n groter beginsel as net Caster. Ewe skielik is alle vroue in die items ter sprake onder verdenking.


"En dan het jy natuurlik die kwessie dat dit reeds wetenskaplik bewys is dat mans met hoë testosteroonvlakke 'n voordeel oor die res het, maar niks word daarvoor gesê nie.

"Daar is wesenlike foute in die IAAF se redenasie en in die regulasie. Dit is diskriminerend."

ne, hou

onvlak is 'n komplekse storie (en wat Dawie Boonzaier vat die spoor.

rel Caster Semenya met een van die top-20 vinnigste tye ooit in die n spog, kom sy steeds nie naby haar ewekleë uit die 1980's nie.



Caster Semenya. As haar voordeel so groot is, waarom het sy nog nie naby die wêreldrekord vir vroue gekom nie?

toegelaat word om te staan, waarom kan Semenya nie toegelaat word om dit te probeer oortref nie?

■ ■ ■ ■ ■

Die testosteron-storie het egter ook 'n ander kant. As Semenya en Kratochvílová se testosteroonvlakke dan regtig so verdag is, waarom volg die wêreldrekord in die 800 m vir vroue dan nie dieselfde trajek as dié vir mans nie?

In 1981, twee jaar voordat Kratochvílová haar rekord opgestel het, het Sebastian Coe die 800 m vir mans in Florence in 1:41.73 kafgedraf. Sedertdien is Coe se rekord al ses keer verbeter en staan sedert 2012 agter die naam van David Rudisha van Kenia op 1:40.91 - 13 sekondes vinniger as dié van Kratochvílová. Teen dié pas is Rudisha al by die wenpaal as Semenya maar die laaste draai voor die pylvak neem.

■ ■ ■ ■ ■

Dr. Ross Tucker, 'n sportwetenskaplike verbonde aan die Universiteit van Kaapstad, stem saam dat Kratochvílová en haar mede-atlete se rekords uit die 1980's almal 'n klug is en dat dié 'n illustrasie is van die reuse-uitwerking wat testosteron op die liggaam van 'n vroue-atleet kan hê.

"Hierdie rekords staan maklik 30 jaar, want die uitwerking van testosteron is so groot dat selfs 30 jaar se voortgang en vordering in oefentegniese en die wetenskap nie die uitwerking van testosteron in die vroue-atleet se liggaam kan klop nie," sê Tucker.

So, beteken dit nie dat die IAAF reg is om Semenya en ander atlete met hoë testosteroonvlakke te verbied om deel te neem nie?

Tucker sê hy het simpatie met die IAAF se regulasies. Hy sê nadat die IAAF in die laat 1960's besef het dat dit onmenslik en vernederend is om vroue-atlete te dwing om hul klere uit te trek om te bewys dat hulle inderdaad vroue is, is daar besluit om die geslag deur middel van chromosoomontleding te bepaal. Dit was ewe omstrede nadat jong vroue in hul 20's vir die eerste keer in hul lewe moes hoor dat hulle 'n toestand het wat dokters vandag weet baie meer algemeen en gevarieerd is as wat in Dora Ratjen se tyd vermoed is.

Tucker sê 'n besluit om liever vroue se testosteroonvlak te toets is na sy mening 'n "redelike kompromie".

"Testosteron is die fisieke eienskap wat die minste tussen mans en vroue oorvleuel. Dit is die rede waarom die elite van mansatlete 10% tot 12% beter is as die elite-vroue-atlete."

Tucker sê dié verskil in prestasie is juis die rede waarom mans en vroue in die eerste plek apart deelneem. "Vrouesport bestaan sodat vroue óók vir medaljes kan kwalifiseer."

Maar dan moet die IAAF konsekwent wees en hul besluit op ordentlike navorsing grond.

Waarom, byvoorbeeld, is Semenya se tweede item, die 1500 m, op die lys geplaas sonder dat die IAAF se studie enige bewys kon vind dat 'n hoë testosteroonvlak in dié nommer tot beter prestasie lei? En waarom word vroue-deelnemers met hoë testosteroonvlakke die hamergooien paalspringnommers nie verbied nie - al het die IAAF se toetse gewys dat hulle 'n voordeel geniet?

"Ek het ook nog nooit iemand van die IAAF gehoor wat dit verduidelik nie. Dit is rêrig verwarrend. Die IAAF is op dun ys hier."

So, waar laat dit Semenya - Suid-Afrika se verdedigende Olimpiese én wêreldkampioen in die 800 m?

Tucker voorspel dat as Semenya die medikasie gebruik soos wat die IAAF-reëls van November af van haar sal verag, haar tye met tussen vyf en agt sekondes kan versleg. Dit sal haar laat afskuif tot ver onder die 2000ste plek op die ranglys van die vinnigste 800 m-tyd.

Atletiek Suid-Afrika het reeds aangedui hy gaan die IAAF se nuwe regulasies beveg.

Tot tyd en wyl doen Semenya haar praatwerk op die atletiekbaan. Die hele sirkus oor haar geslag hanteer sy met die gracie van 'n ou hand, nie iemand wat al sedert skooldae aan vernederende "inspeksies" in die skooltoilette blootgestel is. Sy vra nooit 'n ander iemand nie, sy kritiseer niemand nie.

Haar manier is om hakske te wys op die atletiekbaan.

Morné Schaap, Grafika24

wat sy verlede jaar in Londen op pad na haar goue medalje op die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms gehardloop het. Maar soos die meegaande tabel toon is dié tyd maar die 16de vinnigste tyd in die geskiedenis.

Die wêreldrekord staan sedert 26 Julie 1983 agter die naam van Jarmila Kratochvílová van die destydse Tsjeggo-Slowakye, die oudste atletiekrekord op die IAAF se boeke. Sy het die rekord van 1:53.28 opgestel toe sy 32 was - op 'n ouderdom wat die meeste atlete reeds verby hul beste is.

Maar hier lê nog 'n knoop. Rekords van atlete agter die destydse Ystergordyn word deesdae oor die algemeen met agterdog bejeën. En kyk 'n mens na ou foto's van Kratochvílová is dit duidelik waarom. Dié gespierde meisie sou menige uitsmyter in die Oos-Rand opdraand gegee het.

Tog staan haar rekord steeds, ondanks Atletiek Europa se vrugtelose pleidooie verlede jaar dat alle wêreldrekords "vander 2000-geslag" afgehaal word. "Dit is die enigste loopwaardige, onklikertoetse destyds nie gedoen is nie. So, ja, dit is 'n sterk argument." As Kratochvílová se rekord



Dora Ratjen, vierde in die hoogspring in 1936.

■ ■ ■ ■ ■

Tog is daar ander interessante teenstrydighede in dié debat. As Semenya werklik so 'n reuse-voordeel het weens

haar hoë testosteroonvlakke, waarom het sy tog nie naby die wêreldrekord vir vroue gekom nie? Volgens 'n studie tydens die Oos-Rand opdraand in 2014

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.